JANUARIE 2008

Gladde vloere en die regte aantal skoonmakers

Deeltitels en die regspersoon: Verhaling van bestrede heffings

7 Januarie – Die afsnydatum vir huiswerkers se WVF betalings

Arrestasie en aanhouding regmatig? Indien nie, prosedeer

Die meulenaar se verhaal – Repudiasie en Kansellasie

Korporatiewe geskenke en die stryd teen korrupsie

Handelsmerke: Hoe soortgelyk is te soortgelyk?

Webwerf van die maand: 2008 – Wat hou die nuwe jaar in

Gestig 1962

HONEY
PROKUREURS

Tel +21 (021) 941 7777 | Faks +21 (021) 941 7800 | www.honeyattorneys.co.za | office@honeyattorneys.co.za

Die inligting in hierdie dokument is van algemene aard en word nie beskou as regsadvies nie

GLADDE VLOERE EN DIE REGTE AANTAL SKOONMAKERS

Winkeleienaars en verbruikers kan gerus kennis neem van ‘n verdere hofuitspraak oor gladde vloere wat in die Hooggeregshof gelewer is.

Die hof meld dat die realiteit van verspilling, brekasies en lekkasies op winkelvloere algemeen bekend is. Daar word nie ook nie verwag dat elke insident onmiddellik opgeruim en skoongemaak word, soos wat dit gebeur nie. Daar word wel van die eienaar verwag om ‘n sisteem in plek te hê, wat verhoed dat brekasies en lekkasies gevaarsituasies veroorsaak. Enige verspilling moet dus binne ‘n redelike tyd identifiseer word, spoedig skoongemaak en opgeruim word en die area moet veilig gemaak word.

Hier het die hof oorweeg of ‘n geskikte en aanvaarbare skoonmaaksisteem in plek was vir ‘n supermark met ‘n vloeroppervlakte van 15,000 m² en met 22 winkelgange. Ses van die winkel se staflede was deels verantwoordelik om enige opruimingswerk te identifiseer en dan was daar een skoonmaker wat die werklike opruimingswerk en skoonmaakwerk moes uitvoer. Die hof bevind dat gegewe hierdie omstandighede, die sisteem nie voldoende was nie. Die eiseres, wat beseer is toe sy gegly en geval het as gevolg van ‘n brekasie wat nog nie opgeruim was nie, was gevolglik geregtig om haar skade van die winkeleienaar te verhaal.

DEELTITELS EN DIE REGSPERSOON: VERHALING VAN BESTREDE HEFFINGS

Die regspersoon van deeltiteleenhede kan slegs dagvaar vir die verhaling van agterstallige heffings waar daar geen dispuut oor die eis self bestaan nie.

Die eienaar wat aanmanings om te betaal blootweg ignoreer of wat uitdruklik weier om enige betalings te maak, sonder om die heffing in dispuut te plaas kan dus gedagvaar word om te betaal.

Sodra die heffing egter in dispuut geplaas word, moet die aangeleentheid op arbitrasie beslis word.

Alle dispute tussen die regspersoon en eienaars, of tussen eienaars onderling, moet by wyse van arbitrasie besleg word. Net in gevalle waar ‘n interdik of soortgelyke regshulp op ‘n dringende basis benodig word en waar ‘n arbiter nie by magte is om die regshulp te verleen nie, kan ‘n hof genader word. Vir die res word arbitrasie deur wetgewing voorgeskryf vir die hantering van dispute.

7 JANUARIE - DIE AFSNYDATUM VIR HUISWERKERS SE WVF BETALINGS

Vanaf 1 Desember 2007 is die minimum voorgeskrewe lone vir huiswerkers met 9.3% verhoog en die tabelle lyk nou as volg:-

- Waar meer as 27 uur per week gewerk word
  - In stedelike gebiede
    - R 5-98 per uur
    - R269-11 per week
    - R1.166-05 per maand
  - In plattelandse gebiede
    - R4-85 per uur
    - R218-34 per week
    - R946-04 per maand
- Waar 27 uur of minder per week gewerk word
  - In stedelike gebiede
    - R7-06 per uur
    - R190-73 per week
    - R826-41 per maand
  - In plattelandse gebiede
    - R5-73 per uur
    - R154-73 per week
    - R670-44 per maand

WVF Aftrekkings moet ook aangepas word. Die nuwe aftrekkings sowel as die nuwe UI-19 vorms moet teen Maandag, 7 Januarie 2008 ingedien word.

Dit kan ook per internet gedoen word op die Departement van Arbeid se WVF webwerf te www.ufiling.gov.za.

ARRESTASIE EN AANHOUDING REGMATIG? INDIEN NIE, PROSEDEER

Ons wetstoepassers verdien gewis ons ondersteuning wanneer dit by midsdaad kom.

Terselftertyd moet die algemene publiek beskerm word, in gevalle waar mag misbruik word om te arresteer en aan te hou.
Ons howe bied hierdie beskerming.

Die Hooggeregshof het onlangs ‘n skadevergoedingsbedrag toegeken aan ‘n man wat sonder die nodige lasbrief deur die polisie gearresteer is. Die hof maak die volgende opmerkings, wat losweg vertaal kan word:
“ Die aanslag teen misdaad word nie bevorder deur die arrestasie van landsburgers wat nie enige ernstige bedreiging vir die samelewing inhou nie en wat self sal opdaag vir hul hofsake indien hulle gedagvaar word om te verskyn. Die suksesvolle aanslag teen misdaad is eerder afhanklik van toegeweide en kundige polisiewerk. “

Die regmatige doel van arrestasie is en bly om iemand voor die hof te bring. Arrestasie kan gevolglik nie gebruik word met die uitsluitlike doel om iemand skrik te maak, ‘n les te leer of te verontrief nie.

Waar iemand op grond van ‘n lasbrief gearresteer word (dalk as gevolg van ‘n nie-verskyning in die Hof nadat ‘n dagvaarding uitgereik is) kan die daaropvolgende aanhouding onregmatig wees. Behoorlike prosedures moet by sodanige aanhouding gevolg word, waaronder oorweging of die aangehoudene nie eerder op waarskuwing uitgelaat moet word nie.

As jy die ongelukkige een is wat gearresteer word, moet jou nie teen die arrestasie verset nie.

Dring wel daarop aan om die rede vir die arrestasie vas te stel, vra vir insae in enige lasbriewe, vra vir bewys van diening van die dagvaarding indien van toepassing. En vra vir onmiddellike toegang tot jou prokureur.

Maak ook aantekeninge en notas van alles wat gebeur. Indien die arrestasie en/of aanhouding onwettig verklaar word, kan jy ‘n eis vir skadevergoeding hê.

DIE MEULENAAR SE VERHAAL – REPUDIASIE EN KANSELLASIE

‘n Kontrak kan gekanselleer word waar een van die partye dit repudieer.

Indien jy van voorneme is om met die kontrak voort te gaan, maak dit duidelik.
Maak seker dat jy nie iets sê of doen wat lyk of jy die kontrak repudieer nie.

Ons howe het dit duidelik gemaak dat repudiasie nie soseer ‘n kwessie van intensie as een van persepsie is nie. Jou werklike bedoeling en wat in jou kop aangaan is dus nie so belangrik nie. Die deurslaggewende faktor is eerder wat die redelike persoon in die skoene van die ander partye dink jou bedoeling was.

Die hof bevind op hierdie wyse dat ‘n vervoerondernemer sy kontrak met ‘n meulenaar gerepudieer het. Sy woorde en sy optrede was voldoende om repudiasie daar te stel; ten spyte van sy aanduiding dat hy nooit die bedoeling gehad het om te repudieer nie.

KORPORATIEWE GESKENKE EN DIE STRYD TEEN KORRUPSIE

Besighede onthaal dikwels hul gewaardeerde kliënte en verskaffers. Dit is ook nie ongewoon dat kliënte en verskaffers van tyd tot tyd geskenke as bewys van hul gewaardeerde besigheid ontvang nie.

Hierteenoor vind mens al hoe sterker openbare uitsprake in Suid Afrika teen korrupsie in besigheid sowel as in staatsinstellings. Ons het ook wetgewing in plek om korrupsie te bestry en uit te wis.

In ‘n onlangse uitspraak in die Hooggeregshof word die volgende opmerking gemaak: “….the practice of soliciting and maintaining customers’ goodwill with ‘gifts’ appears to constitute a criminal offence”.

Hierdie spesifieke geval het gehandel oor ‘n handelsbeperkingsklousule. Getuienis is aangebied oor hoe ‘n maatskappy sy kliënte en verskaffers op gereelde basis trakteer het op geskenke en op bemarkingsgeleenthede.
Dit het bestaan uit DVD’s, alkohol, geskenkpakke, verjaarsdaggeskenke, sjokolades, koek, etes, drankies, bywoning van sportgeleenthede en so meer.

Die meeste besigheidsmense sal toegee, mits dit in matigheid gedoen word, dat bovermelde nie ongewoon is nie.

Tog verwys die regter die aangeleentheid na die Direkteur van Openbare Vervolging vir verdere ondersoek.

Daar is algemene konsensus dat klein blyke van waardering nie hierdeur geraak sal word nie. In hierdie spesifieke geval was daar groot bedrae ter sprake en verstaan mens die verwysing na die Direkteur van Openbare Vervolging.

Hou bovermelde in elk geval in gedagte wanneer jou besigheid weer oorweeg om korporatiewe geskenke aan kliënte en verskaffers te gee. Indien jy onseker is, verkry behoorlike advies en neem ingeligte besluite.

HANDELSMERKE : HOE SOORTGELYK IS TE SOORTGELYK?

Jy het jou handelsnaam en jou handelsmerk geregistreer. Wat nou gedaan as ‘n mededinger ‘n naam of handelsmerk begin bemark wat soortgelyk, maar nie identies aan joune is nie?

Wetgewing verhoed die gebruik van ‘n soortgelyke naam of handelsmerk slegs waar sodanige gebruik waarskynlik misleiding of verwarring by die verbruiker sal veroorsaak.

Dit is ‘n vae toets. Waar jy kan aantoon dat ‘n substansiële getal mense waarskynlik mislei of verwar sal word as gevolg van die ooreenkomste, veral aan die hand van hul primêre indrukke, behoort jy ‘n sterk saak te hê.

Met woorde wat geskep is (in teenstelling met woorde wat natuurlik in alledaagse taal voorkom), sal enige soortgelyke skepping geag word om verwarrend te wees.

‘n Seepvervaardiger is byvoorbeeld verbied om sy seep “Soft Luv” te noem. Die Hof bevind dat die “Luv” gedeelte te soortgelyk voorkom as die welbekende “Lux”.

WEBWERF VAN DIE MAAND: 2008 – WAT HOU DIE NUWE JAAR IN

Ons kan beplan en ons kan wonder wat 2008 vir ons inhou.

Om akkurate voorspellings te maak in ‘n besigheidskonteks, kan natuurlik baie voordele inhou. Indien jy die lewensvatbaarheid van ‘n nuwe projek wil ontleed, of ‘n idee wil kry oor watter bateklasse oor twee jaar gewild gaan wees, kan jy altyd die kollektiewe gevoel van internetgebruikers hieroor raadpleeg. Die kollektiewe wysheid van internetgebruikers is toeganklik op webwerwe soos ZiiTrend te www.ziitrend.com en ook Predictify te www.predictify.com.

Die uitgangspunt is dat groot hoeveelhede mense meer akkurate voorspellings oor die neigings van toekomstige gebeure kan maak as wat ‘n klein groep deskundiges sal kan maak.

So, jy skep ‘n onderwerp vir voorspelling en skets ‘n scenario, waarna jy die webgemeenskap toelaat om jou ‘n antwoord te gee.

Future Scanner te http://www.memebox.com/futurescanner konsolideer ‘n versameling internet artikels (tendense, toekomsvoorspellings, ekonomiese vooruitsigte, nuwe uitvindings ens) en plaas dit onder verskillende Kategorieë en Jare. Internetgebruikers stem dan vir hulle gunsteling scenarios. Hierdeur kan jy insig verkry oor hoe die meerderheid gebruikers oor die onderwerp dink. Gewilde scenarios kan natuurlik hul eie momentum opbou en verwesentlik raak.

Huidige tendense en neigings sal sterk aanduidend wees hoe dinge in die toekoms hanteer gaan word en wat gewild sal wees.

Die plaaslike webwerf, Cherryflava te www.cherryflava.com gee jou ‘n idee oor bemarkings- en besigheidstendense en spesifiek vir “hot new trends emerging in business, marketing, advertising and fresh thinking”.

Tel +21 (021) 941 7777 | Faks +21 (021) 941 7800 | www.honeyattorneys.co.za | office@honeyattorneys.co.za

As u enige verdere navrae het of bystand benodig kontak ons gerus by:

Litigasie:
George de Beer *george@honeyattorneys.co.za*
Nic Barnaschone *nic@honeyattorneys.co.za*
Christo Potgieter *christo@honeyattorneys.co.za*

Kommersiële Afdeling:
Johan Vermeulen *johan@honeyattorneys.co.za*

Eiendom & Aktes Afdeling
Jacques du Toit *jacques@honeyattorneys.co.za*
Danie de Villiers *danie@honeyattorneys.co.za*
Charles Koegelenberg *charlesK@honeyattorneys.co.za*
Bronwyn Brink *bronwyn@honeyattorneys.co.za*

Honey Bloemfontein: Tel: 051 403 6600
Honey Johannesburg Tel: 011 656 1452